

**15 Maart**

**“Sien die hand van God raak en dink groot”**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-27**  
**Fokusgedeelte: 2 Konings 5:7**

By die lees van hierdie gedeelte word mens aangegryp deur hoe ver en wyd en hoog God in sy genade werksaam is. Hy wat sy grootheid wil laat skitter in die genesing van Naäman, het dit vooraf beskik dat die dogtertjie uit Israel weggevoer word om as getuie van die profeet op te tree.

Die reaksie van Joram, die koning van Israel, is verstommend. In plaas daarvan dat hy die geleenthede raak sien, sien hy slegs die verleentheid raak. Hy vra nie na die wil van die Here nie, maar skeur sy klere as teken van rou en uiting van wanhoop. Hy kan die versoek van die koning van Aram net verklaar as 'n poging om 'n grief teen hom te vind.

Die res van die hoofstuk getuig daarvan dat God in beheer is. Elisa kom tot die redding van die koning, en dit loop uit op die genesing van Naäman met sy belydenis:” Kyk, nou weet ek dat daar geen God op die aarde is nie, behalwe in Israel”.

Waarna vra, kyk en soek ons wanneer ons beproef word? Wie soek nou weer ons ondergang? Of besef ons as gelowiges, wat vrygekoop is in Christus Jesus, dat ons in die hande van die Here is? Laat ons juis nie op ons beproewing fokus nie, maar op dit wat Hy in Wie se hande ons lewe is, ons wil laat bereik. Laat ons uitvind waar wil Hy ons bring. Daar is geen God soos ons God nie.

*Sing: Ps 145:1, 12 (Totiusberyming)*

*Ds. Simon Hibbert (Koster)*